



MINISTER TOON ONSIGBARE BANDE VAN EMPIRE

Belangrike uitlatings in verband met die Empire en republikanisme is verlede week in Kaapstad deur die besoekende Britse minister van statebondsbetrekkinge, Patrick Gordon-Walker, gedoen — uitlatings wat die Ossewabrandwag se stelling in meer as een opsig onderskryf.

Op 'n vraag of die ontwikkelinge van die afgelope jare enige verslapping van die statebondsbande veroorsaak het, het hy ontkennend geantwoord en daaraan toegevoeg:

„Die betrekkinge met die huidige Suid-Afrikaanse regering is bv. net so hartlik as dié met enige regering van die verlede. Daar-in sien ek juis die groot waarde van die Statebond, dat lande kan saamwerk, ook al vind daar binnelandse politieke veranderings plaas.”

Logies hierby sluit aan die antwoord wat mnr. Gordon-Walker gegee het in verband met die vraag oor wat die Britse houding sou wees indien die Unie van Suid-Afrika 'n republiek word. Hy het gesê dat dit die Unie vry staan om sy regeringsvorm te verander en daaraan toegevoeg dat daar verskillende bande is wat die Empire saamhou.

„So is daar die gemeenskaplike parlementêre stelsel en die gemeenskaplike houding teenoor wette en die werking van wette.”

Eers hierna het hy op die belangrikheid van die kroon as band gewys.

„Dit is 'n waardevolle en unieke skakel tussen lande wat hulle in staat stel om heeltemal soewerein te wees en tog intiem saam te werk.”

„BRITS” OFTE NIE

Die Britse minister het nog verder uitgewei oor die nuwe soort Empire en op 'n vraag van Die Burger se verteenwoordiger toegegee dat hy dit verkeerd vind om nog te praat van „Britse” Statebond — hoewel hy 'n paar weke gelede in Rhodesië nog van „Britse Statebond” gepraat het. Hy het dieselfde argument aangevoer wat Die Burger kort gelede in 'n hoofartikel gebruik het om te bewys dat die Statebond nie meer „Brits” is nie omdat die meerderheid inwoners daarvan nie van Britse afkoms is nie.

Hy het bygevoeg:

Vryheidsdag
word gevier op
24 Februarie
te
HARDEKRAALTJIE
VOORTREKKERWEG
BELLVILLE

Sprekers:
Dr. F. du T. van Zyl (Kaapstadse Leier).
Mnr. J. A. Smith (A.K.G.).
Mev. dr. J. S. du Toit (Kaaplandse Leidster).
Braaivleis van 6—8 nm.
Bring eie bekere vir koffie en spitte vir vleisbraai saam.
Voorgeskrewe program vanaf 8 nm.

EERS TOESTEMMING VOORDAT UNIE EMPIRE-REPUBLIEK KAN WORD

'n Interessante verklaring van die heer Gordon-Walker, Britse minister van statebondsbetrekkinge, verlede week in die Kaap, is dat die Unie van Suid-Afrika nie maar net 'n Empire-republiek kan word omdat Indië een geword het nie, maar dat dit alleen met die goedkeuring van die ander Statebondslende sal kan geskied.

Hy het gesê dat dit Suid-Afrika natuurlik vry staan om sy regeringsvorm te verander. „Wat die posisie van die Unie in

die Statebond dan sou wees, is geen saak waaroor die Britse regering sal kan besluit nie. Die hele Statebond sou daaroor

moet besluit.”

Die idee dat Indië se republiekwording binne die Empire die Unie ook al dadelik 'n „verhoogde status” gegee het wat hom nou „vryer maak as die Republieke” is daarmee op die kop geslaan. Die indruk is in die jongste tyd by republikeine ingehamer dat die Londense konferensie van 1949 die Unie se vryheidsideaal bevredig het en dat Suid-Afrika daarom nou sonder voorbehoud sy gewig in die Empire kan werp. Dit was ook die strekking van dr. Malan se verklaring na sy terugkeer uit Londen in die parlement waar hy beklemtoon het dat ons „nou” „onder enige omstandighede” „graag” by die statebond wil bly nadat hy daarop gewys het dat die Empire 'n „lewende organisme” is wat nou weereens getoon het hoe hy hom by nuwe omstandighede kan aanpas.

In werklikheid het die Londense verklaring van 1949 Suid-Afrika se posisie binne die Empire nie in die minste verander nie. Inteendeel, dr. Malan het daar saam met die ander Empire-lande die stelling onderteken dat die „grondslag van lidmaatskap” „van die ander lande van die Statebond” (Dit is, Indië uitgesluit) „nie hierdeur (Indië se republiekwording) verander is nie.

Nou herinner mnr. Gordon-Walker daaraan dat hierdie verklaring nie sonder toestemming van die ander ondertekenaars opgehef kan word nie.

waarteen hierdie mense in die verlede so geskop het.

Ons het hier 'n voorbeeld van die goeie ou Britse diplomatie wat al so geslaag het dat 'n Afrikaanse, nasionale koerant kwaad word as die Britse Statebond by sy wese aangedui word omdat die gevaar bestaan dat die houding van „loue en neutrale” elemente daardeur kan „verander in vyandigheid” teen die Empire!

VERSTAANBAAR

Na hierdie openhartigheid van die Britse minister en sy beklemtoning van die waarde van die Britse parlementêre stelsel as Empire-band is dit natuurlik heeltemal verstaanbaar waarom „die betrekkinge met die huidige Suid-Afrikaanse regering net so hartlik as dié met enige ander (anti-republikeinse) regering van die verlede” is, en waarom Empire-eenheid voortduur, „ook al vind daar binnelandse politieke veranderings plaas.”

Dit is presies waarteen die Ossewabrandwag nog altyd gewaarsku het toe hy gesê het dat geen politieke party die uitsluitlike draer van die republikeinse ideaal kan wees nie omdat net sodra hy aan bewind kom, die Britse stelsel hom genoodsaak om die republiek in die yskas en — as die bewind lank genoeg duur — uiteindelik in die vuilgoedblik te plaas.

REGVERDIGING

Hierdie uitlatings onderstreep verder die regverdiging van die Ossewabrandwag se openbare beywering vir die republiek ten spyte van die besware van die H.N.P.-leier in 1941 dat die Ossewabrandwag op die party se terrein beweeg. Dit onderstreep verder die noodsaaklikheid dat die republikeinse vaan-

(vervolg in volgende kolom)

Rassestryd Ontketen

'n Beroep op al die nie-blanke rasse om deel te neem aan 'n veldtog van verset indien die regering aan die Kleurlingstemregtorring, is verlede Sondag in Kaapstad gedoen deur sprekers wat onder meer ingesluit het mnr. Sam Kahn, L.V. ('n Jood), dr. Y. M. Dadoo ('n Indiër) en dr. J. S. Moroka ('n Bantoe).

Benewens weerstand teen die wegneming van die Kleurlinge van blanke kieserslyste word ook 'n positiewe stryd beoog vir die uitbreiding van die stemreg na alle rasse in die land.

Een spreker het aangevoer dat indien alle nie-blankes saamstaan en staak, die land se nywerhede lam gelê sal kan word.

„Daar is natuurlik nog nooit enige formele besluit oor die benaming geneem nie en in sommige lande van die Statebond, soos Australië, word nog by voorkeur van die Britse Statebond gepraat.

„Persoonlik verkies ek om enkel die woord Statebond as benaming te gebruik omdat dit korter is, meer juis is, EN OM-DAT DIT NIE AANSTOOT KAN GEE SOOS DIE BENAMING „BRITSE STATEBOND” NIE.”

RING AAN POOT

Solank die skakels van Britse parlementêre stelsel en Britse

kroon gehandhaaf word, wil ons toegee, sal dit Britse staatsmanne betaal om in Suid-Afrika liewer die WOORDJIE „Brits” weg te laat wanneer hulle na die Empire verwys. 'n Voël in die hok het immers nie 'n ring aan die been nodig nie!

Wesenlik bindende bande is veel belangriker as 'n etiket aan die handvatsel — veral as daar gevaar bestaan dat aanstoot geneem kan word deur diegene wat nie graag 'n Britse ding wil hê nie, maar darem doodtevrede is om 'n „eie” (Britse) parlementêre stelsel en 'n „eie” (Britse) koning te hê wat deur 'n Britse minister beskryf word as die eintlike Britse konneksie

Vryheidsdag Is Simbool Van Die Toekoms

Prof. D. J. van Rooy, Voorsitter van die Grootraad skryf:
27 Februarie staan alweer voor die deur. Elke jaar is dit die dag wat ons in besonder aan 'n glanspunt van ons verlede herinner: die Slag van Amajuba, 27 Februarie 1881. Toe het die Boer die agressor verdryf en sy vryheid herwin. Vanjaar sal dit presies sewentig jaar gelede wees wat daardie beslissende gebeurtenis plaasgevind het. 'n Menseleefyd!

Wat het in die sewentig jaar nie oor die Afrikaanse volk en land heengegaan nie? Amajuba was helaas slegs tydelik die einde van aggressie. Op daardie roemryke tydperk het dae en jare van stryd en vernedering gevolg; tot in die stof is ons neergedruk, telkens weer. Maar aan die wekroep van Amajuba kon nooit die swye opgelê word nie. Telkens weer het dit die Afrikaanse volk met nuwe moed besiel en het hy weer fier sy hoof opgehef: „hom doodkry is min.”

Vir die Ossewabrandwag is Vryheidsdag simbolies van die toekoms. Daarvoor is ons bereid om ons offers te bring, soos geoffer is in die verlede. Gelukkig dat ons offer tans nie uit kosbare lewens hoef te bestaan nie. Wat van elk gevra word, is 'n stoflike bydrae ter bestryding van die noodsaaklike uitgawes om ons organisasie in stand te hou. Laat ons indiwi-

dueel en gesamentlik na die beste van ons vermoë bydra en soos in vorige jare toon dat die doel en strewe van die O.B. ons volle ondersteuning geniet



omdat dit volgens ons mening die voortsetting van die edelste uit ons verlede is en in diens van ons volksideale staan.

Galgfoltering Duur Langer As In Sowjet

Die Amerikaanse besettingsowerheid het voorverlede week 21 van die ter dood veroordeelde Duitsers — van wie voorheen in Die O.B. berig is dat hulle reeds langer as 'n jaar op voltrekking van hul vonnis gewag het — losgelaat. Die ander 7 is nie begenadig nie. Intelligence Digest meld dat sommige van hierdie Duitsers reeds drie jaar lank onder die skaduwee van die galg staan en dat twee reeds tweekeer die tou om die nek gehad het waarna hulle weer na hul selle teruggeneem is.

'n Korrespondent van Union vestig die aandag op die geval van die Hongaarse kaptein Gorgei wat deur die Bolsjewiste na die oorlog ter dood veroordeel is en 700 dae lank moes wag op sy einde. Intussen is hy in 'n sel aangehou met uitsig op die muur waar voortdurend mense tereggestel is. Op sy vraag wanneer sy beurt kom, het die wagte altyd geantwoord: „Die oggend wanneer jy nie onthyt kry nie.” Toe sy beurt uiteindelik aanbreek was hy 'n totale wrak. Die korrespondent vra wat die verskil is tussen hierdie kommunistiese regspleging en dié van die Geallieerde besettingsowerheid. Indien dit nie „'n misdaad teen die mensheid” is nie, wat is dit dan? wil hy weet.

(vervolg van vorige kolom)

del nog verder hoog gehou moet word deur die Volksbeweging wat buite die bande van die Empire se parlementêre stelsel staan.

En ten slotte beklemtoon dit die noodsaaklikheid om in republikanisme ook 'n grondige verandering van regeringstelsel te sien, soos die Ossewabrandwag bepleit, en nie net 'n verandering van naam nie.

DIE O.B., WOENSDAG, 14 FEBRUARIE 1951

ROOIES BEVEILIG

Op 'n vraag in die volksraad hoeveel persone kragtens die bepalings van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, wat verlede jaar aangeneem is, „genoem” is, het die minister van justisie geantwoord dat nog geen persoon „genoem” is nie. Op 'n verdere vraag watter stappe gedoen word om die kommunisme te bestry, het die minister geantwoord dat „in samewerking met die spesiale afdeling van die Suid-Afrikaanse polisie alle moontlike stappe gedoen word deur die beredderaar en gemagtigde beampte wat kragtens die wet aangestel is.” Toe sy aandag bepaal is by „kommunistiese invloed in sekere Engelse koerante in die Unie,” het die minister verwys na een Engelse koerant en verklaar dat die saak tans kragtens die wet ondersoek word.

Dat die bestryding van kommunisme nie maar net 'n kwessie van wetgewing is nie, het ons van die begin af beklemtoon. Ons standpunt was dat dit bowe-al 'n idee-stryd is. Die volkere van die wêreld moet geestelik versterk word, en die blote feit dat die kommunisme so 'n haat vir die Christelike godsdienste openbaar, onderskryf die waarde van die godsdienste as afweer-wapen teen hierdie bese mag. Maar dit is ook noodsaaklik dat daar 'n praktiese toepassing van die godsdienstige beginsels moet wees ten opsigte van die samelewingsinstellings veral ook op politieke en ekonomiese gebied. Die uitbuiting van die mens deur gewetenlose kapitaliste en eersugtige politici waarvan ons 'n oorvloed in ons eeu het, was die belangrikste faktor wat aanleiding gegee het tot die nuwe geloof van die kommunisme, die geloof van die wanhoop. 'n Amerikaanse volksvertegenwoordiger het onlangs ook gepleit vir die aanbidding van 'n „nuwe geloof, 'n toewyding aan die Goddelike bestemming van die mensdom,” en kernagtig daaraan toegevoeg: „So far, we have not only been outfought, we have also been out-thought.”

WAT WORD GEDOEN?

Maar waar ons die belangrikheid van die geestelike stryd in die verlede beklemtoon het, het ons ook die standpunt gehandhaaf dat die stryd teen die kommunisme 'n totale oorlog is en dus met elke beskikbare wapen gevoer moet word — ook met die staatsgesag. In Amerika is in die jongste tyd heelwat aandag aan laasgenoemde aspek gegee. Die een kommunist na die ander is uit posisies geskop waar hulle 'n gevaar vir die veiligheid van die staat kan wees.

Maar wat is die toestand in ons land? Die minister van justisie het die antwoord gegee. Twee jaar nadat die regering die bewind oorgeneem het, is 'n wet ter bestryding van die kommunisme aangeneem. Ons nader reeds die einde van die derde bewindsjaar en die enigste resultaat wat gewys kan word sover dit die bestryding van kommunisme betref, is 'n versekering dat die een en ander „ondersoek word.” Teen nog geen Kommunist of kommunistiese geskrif is opgetree nie. Alles gaan nog net aan soos drie jaar gelede, met die enkele, dog belangrike, verskil dat niemand meer as 'n kommunist aangewys mag word nie op straf van lasteraksie. Mense wat voorheen hul kommunistiese bors uitgestoot het sodat elkeen kon weet waar hulle staan, se rooi etiket is nou deur wetgewing van hulle verwyder sodat die publiek hulle nie meer kan uitken nie. Om iemand 'n kommunist te noem, stel jou vandag bloot aan 'n vervolging.

Al wat dus totsover bereik is, is dat die regering die kommuniste in ons land 'n kleed van openbare onskendbaarheid omgehang het. Afrekening met kommuniste is nou 'n prerogatief van die regering en solank die regering dit nie verder bring as 'n „ondersoek” nie, kom van die bestryding van die kommunistiese invloede niks.

NET PROPAGANDA?

'n Paar maande gelede het die minister van arbeid die vakbonde gerusgestel met die versekering dat daar geen voorneme bestaan om ondersoek in te stel na kommuniste in vakbonde nie, aangesien alle kommuniste aan die regering bekend is. Wat word dan nog ondersoek? Of die wet miskien waterdig genoeg is vir optrede? Maar dit is dinge wat ondersoek moes gewees het voordat die wetsontwerp ingedien was. Of moet die publiek tot die gevolgtrekking kom dat die wet teen kommunisme eintlik maar net 'n propaganda-stuk was net soos republikeinse artikels in partykonstitusies en republikeinse mosies in die parlement, en voorstelle vir samewerking tussen partye eintlik maar net 'n kleurafwysing in die partypolitieke stryd is?

Maar dit is nie net ten opsigte van kommuniste in strategiese politieke en ekonomiese posisies waar daar geen stappe gedoen word nie. Die Russiese konsulaat word nog steeds gehandhaaf — al het hy weens die afwesigheid van handel tussen die twee lande geen ander amptelike taak as om glasies met regeringsvertegenwoordigers te klink op die welvaart van die Russiese revolusie nie.

Waarom word daar deur die regering nie opgetree teen die kommunistiese vestings in ons midde nie? Moet die antwoord miskien gesoek word by Brittanje se buitelandse beleid wat eerder afstuur op die erkenning van nog meer kommuniste as op die verwydering van dié wat daar is?

Van Die Os Op Die Esel

Deur Sybrand

Hol nie weg nie

Ek het hierdie week my eerste Hansard-nommer ontvang. By die deurblaai daarvan val my oog op die verrigtinge in verband met die verkiesing van 'n speaker. Nadat mnr. J. H. Conradie met meerderheid van stemme gekies is, het die klerk van die raad hom die vraag gestel: „Stel die agb. lid vir Gordonia hom ter beskikking van die Raad?”

Hierop het mnr. Conradie geantwoord: „Mnr. Hugo, daar dit die Raad behaag het om my tot so 'n verheue amp te kies, is dit vir my 'n voorreg om die amp te aanvaar. Ek is onder die diepe besef van die verantwoordelijkheid wat op my rus. My voorsteller en sekondant wil ek hartlik bedank vir hul ondersteuning en ook al die agb. lede wat die voorstel ondersteun het. Ek hoop dat ek die waardigheid van die stoel sal hoog hou soos in die verlede gedoen is deur my voorgangers. Ek onderwerp my aan die wil van die Raad.”

Hierdie toespraak klink heeltemal paslik en stem ooreen met wat enige pasverkose voorsitter sou sê. Maar dit is juis dit wat my getref het. Dit is een van die weinige afwykings wat daar bestaan tussen ons parlement en dié van Brittanje is 'n paar jaar gelede ook 'n nuwe speaker gekies. Hoewel hy seker net so in sy nopies was as mnr. Conradie oor die „verheue amp” waartoe hy verkies is, het die Britse parlementêre tradisie van hom geëis om vrese en bewing te openbaar in plaas van dankbaarheid. Waar mnr. Conradie hom „onderwerp het aan die wil van die Raad”, het die Britse speaker stelling ingeneem agter sy vuiste om sy „onwil” te openbaar. Die twee lede wat hom na die stoel moes begelei, moes eers 'n skyngeveg aanknoop waarin hulle hom „oorrompel” en na die stoel „gesleep” het.

Die gebruik stam uit die dae van stryd tussen die koning en die parlement, toe dit nie so aangenaam en selfs veilig was vir die speaker om die besluite van die raad aan die koning te gaan meedeel nie. Niemand was dus baie gewillig om as speaker op te tree nie. Vandag, waar die enigste gevaar vir 'n speaker — naamlik dat hy by 'n volgende verkiesing sy setel kan verloor — nie eens in Brittanje bestaan nie omdat die speaker gewoonlik onbestrede verkies word, word hierdie toneelspel nog van 'n nuwe speaker verwag.

Volg Britse Tradisie

Ons parlementêre prosedure is vol van hierdie soort „Britse tradisie” en dit veroorsaak nogal 'n hele boel besommernis en vertraging. Een van hierdie Britse oorleweringe is die prosedure om „in komitee te gaan.” Vandag is dit 'n voorgeskrewe „stadium” vir alle wetsontwerpe, maar die oorsprong hiervan lê in die dae toe die Britse parlement nog maar adviserend by die koning was. Dit was dan die speaker se taak om aan die koning te gaan vertel wat in die laerhuis plaasgevind het. Wanneer iemand bevreë was dat die speaker die dinge nie in die beste voue sou lê nie, het hy voorgestel dat „Mnr. die Speaker nou die stoel verlaat” en dan het hulle iemand uit hul eie gelede as voorsitter gekies en in afwesigheid van die speaker beraadslaag.

Hoed op die Kop

Enkele gebruike is by ons nie meer verpligtend nie, maar wel

toelaatbaar. Een van hierdie halfslyt-erfstukke uit Brittanje is die gewoonte om by sekere geleenthede 'n hoed in die raad te dra. Mnr. Arthur Barlow is die enigste lid wat hierdie gewoonte nog handhaaf. Op sekere dae sit hy met sy hoed op sy kop en niemand kan hom gebied om dit af te haal nie. Maar in Brittanje is 'n hoed by sekere geleenthede van debatte nie net 'n toelaatbare toesel nie, maar 'n noodsaaklikheid. Sonder 'n hoed is 'n agbare lid dan buite orde. So het daar 'n paar jaar gelede 'n lagwekkende voorval plaasgevind toe 'n lid opspring om 'n voorstel te doen. Hy het egter geen hoed op sy kop gehad nie, en die ander lede het in 'n koor van „Orde! Orde!” uitgebreek. Die lid het haastig na 'n koerant gegryp en dit oor sy kop gehou en toe weer met sy voorstel begin. Maar die speaker het hom buite orde gereël omdat 'n koerant nie 'n hoed is nie. Haastig het iemand hom 'n swart dotjie aangegee, maar teen die tyd dat dit sy kop bereik het, het die speaker reeds iemand anders aan die woord gestel.

In die ou Kaapse parlement is hierdie gebruik nougeset gehandhaaf, en dit is nogal 'n moeilike saak, want 'n lid moet presies weet wanneer hy sy hoed moet kan en nie mag dra nie. So is 'n lid, R. M. Bowker, eenmaal tot orde geroep omdat hy met sy hoed op sy kop die raadsaal wou verlaat. Solank hy in sy bank gesit het, was dit in orde om 'n hoed op die kop te hê, maar die oomblik toe hy begin uitstap, was dit teen die prosedure. Die speaker het hom gemaak: „Geen agbare lid mag oor die vloer van die huis stap met sy hoed op sy kop nie.”

Mnr. Barlow is goed bewus van hierdie voorskrif. Wanneer hy op sekere dae van die sitting dit sy plig ag om die waardigheid van die raad te verhoog met sy hoed op sy kop, sal hy sy donkerbruin hoed in sy hand dra totdat hy sy sitplek bereik. Eers dan plak hy dit op sy kop.

Jare se Studie

Omdat die parlement oor soveel Britse eeue strek waarin elke voorvalletjie of tekortkoming met jaloerse ywer bewaar is as „tradisie”, het daar so 'n ophoping van „moets en moenies” plaasgevind dat slegs enkele parlementêre na jarelange ondervinding al die punte van prosedure onder die knie kry. Ek het byvoorbeeld verlede jaar die Laan opgestap en by 'n groepie parlamentslede verbygegaan. Die een was druk besig om aan die ander — 'n lid wat toe al drie sittings bygewoon het — te verduidelik wat die prosedure in 'n sekere stadium was en waarom sekere dinge op 'n bepaalde wyse die aand gedoen is. Dit spreek dus vanself dat nuwe lede tot groot vermaak van die oues gedurig oor die tou trap. Dan dreun dit in die raad van: „Orde! Orde!”. So het 'n nuwe lid groot opskudding veroorsaak toe hy 'n paar weke gelede in die middel van sy toespraak oorgeslaan het in Engels — dit is 'n voorreg wat net 'n minister beskore is. Op goedige wyse het 'n ander lid hom getroos met die versekering „dat hy soos baie ander in hierdie raad die reëls sal aanleer deur hulle te oortree.”

Dit is ook verbode om 'n aanhaling uit 'n koerant te maak wat betrekking het op wetgewing van daardie sitting. 'n Lid kan wel sê dat 'n „agbare lid in die pers deurgeloop het”,

maar hy mag nie aanhaal wat die koerant van die agbare lid te sê gehad het nie!

Ander gebruike is dat 'n lid nie 'n ander een „oor die vloer” mag aanval in 'n toespraak sonder dat hy hom vooraf van sy voorneme in kennis gestel het nie.

Heelwat dinge word wel toegelaat. 'n Lid kan met sy voete bo-op sy lessenaar lê en lees uit 'n boek, maar dit mag nie 'n koerant wees nie. Wanneer 'n lid 'n koerant lees hou hy dit onder sy lessenaar op sy skoot. Hy kan selfs indut onderwyl 'n debat aan die gang is of die saal verlaat en in die kroeg of teekamer gaan sit en klets onderwyl iemand hom „oor die vloer kasty” oor dinge wat hy gesê of gedoen het.

Streng Toesig oor Publiek

Maar vir die publiek wat die verrigtinge vanaf die galery betrag, is die reëls strenger. Hulle mag nie lees, skryf of dut nie. Hulle mag ook nie hul voete op die reëlings plaas of bo-oor na onder loer nie, geen werkies soos brei met hul hande doen nie, nie met mekaar fluister nie — selfs al dreun die onderlinge geselskappe van „agbare lede” met mekaar daaronder so hard dat die woorde van die spreker onhoorbaar is. Geen kiekie mag geneem word van die raad om as aandenking saamgeneem te word nie. Trouens, dit is streng verbode dat enige portret van die raad in sitting geneem mag word. Na die verkiesing van 1948 is daar wel 'n foto van die volledige volksraad geneem — die tweede sedert 1910. Maar in Brittanje word die reël so streng gehandhaaf dat toe daar kort na die oorlog besluit is om as deel van die Duitse „opvoeding in die demokrasie” 'n rolprent van die parlement te maak om in Duitsland vertoon te word, dit nie kon gebeur het nie.

Daar is niks wat die Britte met soveel toewyding en stiptelike bewaar as hul parlementêre instelling nie. Die rede daarvoor lê nie net opgesluit in die Britse konserwatisme nie. Die Britte is vandag terdeë bewus van die belangrikheid van die parlement as Empire-band. Hierdie eenderse manier van doen ten opsigte van 'n land se belangrikste funksie — sy regering — is 'n kosbare staalband wat die Empire saambind, en hierdie feit is reeds meermale deur Britse staatsmanne erken en twee jaar gelede ook deur ons eerste minister wat gewys het op die belangrikheid vir Empire-eenheid dat Indië die Britse parlementêre stelsel van regering behou het.

Ongevalle In Korea

Teen die einde van verlede week het die Suid-Afrikaanse lugeskader wat in Korea veg reeds twee ongevallen gely. Lt. W. E. St. E. Wilson, 'n vyf-entwintigjarige getroude, het in d'e see geval toe hy uit 'n beskadigde vliegtuig gespring het, terwyl tweede-lt. D. R. Leah (23) na vermoed word, verongeluk het toe sy vliegtuig tydens 'n aanval op Kommuniste neergestort het.

Die Amerikaanse ongevallens staan reeds op 47,500 — met ongeveer een gesneuwelde uit elke ses. Volgens skatting tel die kommuniste sê ongevallen 525,000. Byna 140,000 is krygsgevangenes; die res is dood of gewond.

PRESIDENT PERÓN EN DIE ARGENTYNSE ARBEIDERS

In Augustus van laasjaar het Generaal Perón, die President van Argentinië, die Federale Komitee van die Algemene Federasie van Arbeid van Argentinië toegesprek. Wat hy gesê het, is sowel interessant as leersaam, hoewel dit vanselfsprekend altyd onthou moet word dat elke land probleme het wat eie is slegs aan homself. 'n Argentynse oplossing mag dus verskil van 'n Suid-Afrikaanse; die twee mag egter ook op bepaalde punte veel gemeen hê.

ONAFHANKLIKE ARBEIDSORGANISASIES

Die eerste wat president Perón beklemtoon het, was dat sy bewind nie die arbeidsorganisasies beheer nie. Hulle staan vry en onafhanklik teenoor die regering in die handhawing van hul eie beleid en belange. Daar is wel die noodsaaklike raadpleging tussen die regering en die georganiseerde arbeid, dog nie oorheersing nie.

Keer op keer in die lang en oorwoë rede van die Argentynse leier blyk dit tewens hoeseer hy die groot organisasies — of s.g. sindikate — van arbeiders op hul eie voete wil sien staan, elke sindikaat met 'n eie gevoel van verantwoordelikheid teenoor sy lede. Hierdie verantwoordelikeheidsgevoel moet nie slegs die arbeider se brood en botter nie, maar ook sy kulturele en verstandelike welsyn geld.

STAATSHULP VIR SINDIKATE

Om in staat te wees om hierdie groot take ten behoeve van hul lede te onderneem verleen die staat aan die sindikate hulp in die vorm van voorskotte en aktiewe medewerking vir die groot koöperatiewe ondernemings wat gestig word en waaruit eie skole, eie winkels, eie apteke, eie hospitale en gesondheidsdienste moet ontstaan.

Hy moedig hulle ten sterkste aan om die dienste self te onderneem en onder hul eie leiers; so nie moet die staat dit regstreeks doen. Maar dit is minder wenslik.

BEHALWE GELD OOK STATUS

Genl. Perón meld dat behalwe die geldelike steun wat van staatsweë aan behoorlik-gereelde sindikate verskaf word, hierdie sindikate ook erkenning en 'n bevoorregte status kragtens wetgewing verkry het. So kan geen gewone hofbevel bv. die polisie die persele van die groot arbeidersorganisasie laat binnedring nie. Hulle het gewaarborgde regte en privileges wat hulle in 'n sterk posisie stel.

AGTERSTAND VAN ARBEIDERS

Die beweegrede vir die besondere aandag aan die welsyn van die arbeidersorganisasies bestaan daarin dat die Argentynse ekonomie in die verlede beson-

Deur J. de Vos

derlik aan sterk kapitalistiese belange en spekulanteurs blootgestel was en die posisie van die arbeider verskans moes word om die stryd vir Sosiale Regverdigheid te kan voortsit.

MAATSKAPLIKE REGVERDIGHEID

Die goue draad wat dwarsdeur Perón se rede loop, bly steeds die beklemtoning van wat die sentrale idee in die heropbou van Argentinië geword het: die leerstuk van „Justisialisme” of Maatskaplike Regverdigheid, om 'n omskrywing aan te wend.

Heel tereg sê hy dat die toekoms aan die vervlegting van twee drade hang, die een onontbeerlik vir die ander: die bestaan van sterk arbeidersorganisasies en tweedens die toepassing van die beginsel van Maatskaplike Rerverdigheid. Sonder eersgenoemde is die arbeider weerloos en kan laasgenoemde nie bestaan nie. Sonder laasgenoemde, Maatskaplike Regverdigheid, is die rus van die samelewing ewig verstoor.

DIE ENKELING IS MAGTELOOS

Treffend ontleed Perón die bronne van mag van die kapitalistiese stelsel: die groot maatskappye, trusts en monopolië waaragter die kapitaliste as persone skuil. Aan dié groot instellings van die kapitalisme word die spaargelde van die gewone man in ontsaglike bedrae deur die banke geleen en daarmee word die spaarder self weer uitgebuit. Immers leen die banke aan die rykes, nie aan die armes nie.

KRAG LÊ IN ORGANISASIE

Ook die arbeider moet deur die organisering van sindikate in die posisie gestel word dat sy groot organisasies en koöperasies waaraan hy behoort, so sterk word dat hy daaragter kan skuil. In die groot nywerhede word stakers deur die polisie uiteengejaag as die geldbase regeer, terwyl die ryk eienaars nie die knuppel swaai nie maar in die klub sit. Deur die ewewig in die samelewing te herstel, aldus Perón, sal die Argentynse arbeider kan tee drink terwyl die staat en sy organisasies sy veiligheid beskerm.

BOTSINGS UITGESKAKEL MARXISME VERWERK

Aldus sal gedurige botsings in die samelewing verdwyn, meen Perón, want die status van die groot sindikate stel hulle in staat om op gelyke voet met die werkgewers te onderhandel. Immers kan geeneen wen deur die nywerheid waaruit albei leef, te ontwrig nie. Onder staatstoetsing moet werkgewer en werknemer saamwerk om die grootste nasionale welvaart te bewerkstellig. Karel Marx se leer van die onversoenlike botsing is vals. Die mak sosialiste wat dit dusver verkondig het, het slegs die voorbrand vir die kommuniste gemaak. Daarheen wil Perón nie.

DIE HELE VOLK MOET IN INDIKATE GEORGANISEER WORD

Hoewel hy weens hul agterstand aan die organisering van die arbeiders voorrang verleen, moet ook die ander groepe in die samelewing hul eie organisasies hê: die produsente, die verbruikers, die nyweraars. Die plig om te organiseer lê egter in die eerste plaas op die groep self. Perón sê dat hy die staat organiseer. Maar die volk moet homself organiseer. Daardeur sal geleidelik die winste van die spekulant en die uitbuiters uitgeskakel word.

NASIONALISTIESE STREWE

Ter bereiking van hierdie grootse doel is Perón gereed en geesdriftig om mee te help. Aangaande die koring deur Argentinië geproduseer sê hy:

„... hulle (d.w.s. die boere) sal dit op Argentynse bodem voortbring, dit oor Argentynse spoorweë vervoer, dit in Argentynse hawens op Argentynse skepe laai, verseker deur Argentynse versekerings- en herveskeringsondernemings. Al wat in die buiteland gedaan moet word sal wees om die koring daar op te eet!

Die nasionaalgesinde Afrikaaner kan nie anders as met simpatie die pogings van president Perón van Argentinië om sy volk na binne en buite te organiseer, te bejeën nie. Sy spilgedagtes i.v.m. die grondslae van die staat soos hierbo opgesom, kan veral deur O.B.-gesindes sowel as deur andere dopgehou word. Jammer dat gewone persberigte hieroor, soos oor die Unie se eie sake, so uiters onbetroubaar is.

New York Se Polisie Lag Nie Saam Met Truman Oor Sjinese

Geruime tyd gelede het die blad Intelligence Digest breedvoerige berigte bevat van die bedrywighede van Sjinese vyfde kolonniers en die feit onderstreep dat die kommunistiese leiers van Moskou en Peking spesiale gebruik van die Sjinese nedersettings in die Amerikaanse lande maak. Aan die begin van die maand het die blad die saak weer aangehaal en toe as volg berig:

„Mnr. Truman is onlangs gegaarsku teen die gevaar wat ontstaan deur Rusland se gebruik van Sjinese agente dwarsdeur die Amerikaanse kontinente, veral in die Latynse deel. Hy het dit afgelag, so is ons meegedeel deur die amptenaar wat hom gespreek het. Dit is jammer, want die Sjinese is bestemd om 'n groot rol te speel in verband met spioenasie en sabotasie.

„Baie van hulle is nie kommuniste nie, maar aan hulle word gesê dat hulle nie na Sjina kan terugkeer om daar te sterwe nie — wat gewoonlik hul begeerte is en wat vir 'n Sjinese van baie groot belang is — tensy hulle as agente optree. Wat meer is, hulle ontvang dreigemente ten opsigte van hul familie in Sjina.”

BEVESTIG

Verlede week is deur die Engelse pers berig dat die polisie van New York in 'n groot klopjag op drie plekke in een van die voorstede toegeslaan en 83 Sjinese in hegtenis geneem is. „Die Amerikaanse owerheid het tot die gevolgtrekking gekom dat die herhaalde oproepe van Radio Peking aan Sjinese in die Verenigde State om 'n bevrydingskolonne in die hart van 'die vyand se land' te vorm, ernstig opgeneem moet word.”

Die berig meld verder dat die New Yorkse direkteur van immigrasie verklaar het dat getuienis die afgelope weke opgestapel het dat daar georganiseerde groepe onwettige immi-

grante in New York bestaan. As gevolg van die praatjies van 'n dronk Sjinese is ontdek dat 'n oënskynlike Sjinese liefdadigheidsorganisasie as vergaderplek dien waar kommuniste opdragte ontvang.

KAPITALISTE

In die „Diktatuur van die Proletariaat” is die kapitalisme en alle kapitaliste gelikwedeer. Miljoene klein grondbesitters is in die vroeë dertiger jare deur Josef Stalin uitgedelg omdat hulle die sonde teen die „werkersklas” begaan het om 'n paar koeie en 'n stukkie grond te besit. Die hele Russiese volk is tot die bedelstaf verarm in die kommunistiese poging om „almal gelyk” te maak in die werkersparadys.

Hoe „gelyk” hierdie bedeling is, blyk uit die feit dat waar daar miljoene Russe is wat geen skoene aan hulle voete het nie, „kameraad” Stalin dit so ruim het dat hy 'n beloning van £90,000 kan uitloof vir die opsporing van sy seun. Dit blyk verder uit die weseljas ter waarde van £50,000 wat „kameraad” Stalin verlede week aan die agtienjarige bruid van die Persiese sja geskenk het — 'n geskenk wat as „weergaloos” beskryf word in dieselfde asem waarin na die geskenke van die Aga Khan verwys word — die man wat 'n paar jaar gelede sy gewig in diamante present gekry het.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSEL.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

Parlementêre Spel Vol Spanning

Van tyd tot tyd word die wêreld en veral die Britse volk deur persberigte op die tone gebring in die verwagting dat die een of ander mosie van wantroue deur die opposisie die Britse regering tot 'n val sal bring.

Nog elke keer het die regering so naelskraap sy vel gered met 'n meerderheid wat wissel tussen ses en tien. So 'n spanning het verlede week ook weer geheers toe Churchill 'n mosie van sensuur ingestel het teen die regering se voorneme om die staalbedryf te nasionaliseer. Berigte vooraf het op die gevaar gewys van 'n moontlike nederlaag vir die regering en die partye se kans in 'n verkiesing is reeds teen mekaar opgeweeg. Uiteindelik is verlede Donderdag berig dat die regering 'n oorwinning met tien stemme behaal het.

Die dag tevore is egter vermeld dat Churchill toegestem het om „af te paar”, dit wil sê om vir elke regeringslid wat nie teenwoordig kon wees nie ook 'n opposisielid buite stemming te hou — 'n ou parlementêre gebruik om die regering te beskerm teen onverwagte nederlae.

Ten spyte van die skynwoede tussen die partye, speel hulle darem nog „krieket!” Dit laat dink aan die beroepstoei in Amerika waar die uitslag vooraf gereël word. Dit is hoofsaaklik 'n toneelspel vir die publiek.



Waar u ook
mag wees

Kommando
—die *gewildste*
Suid-Afrikaanse sigaret



TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensings, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

TE KOOP GEVRA

Stuur al u afval Koper (enige vorm) aan I. M. Prinsloo, Pretoria Noord Staasie. Ons betaal 6d. per lb. op u stasie onmiddellik na ontvangs. 24/1/6B

TE KOOP

3,000 Pragtige opregte, swart Australorp gewaarborgde kuikens, beskikbaar weekliks. Eerste klas grootmaak vermoë. 16/10/- per honderd. **NASIONALE BROEIERY,** Posbus 1138, Bloemfontein. 31/1/17B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos”, Posbus 1411, Kaapstad. T.K.

Duitse Merino-rammetjies uitverkoop. Plaas bestellings vir November-aflewering om teleurstelling te voorkom. Gedeel van opreggeteelde Elsenburgvaders. C. du Toit, Malanstaasie. 31/1/7B

PLANNE OM GELD TE MAAK

225 Planne om geld te maak. Toon hoe u maklik in u vrye tyd geld kan verdien. Gefrankeerde koevert besorg gratis inligting. Skryf aan: Posbus 16, O.B., Robinson. Tvl. 17/1/6

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435



„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.”

Teken in op DIE O.B.!

Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning: DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.

DIE O.B.

- Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaats.
- Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenvoerders en deskundige beroepsverteenvoerders.
- Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volks-ekonomie.
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou. DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

Intekenvorm

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B.” tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

.....vir die eerste.....maande.

NAAM.....
(Naam en Adres in Blokkletters)

POSADRES.....

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.

Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

BELOFTE NIE GEHOU NIE

„Cecil Rhodes was 'n vriend van die pioniers. Toe hy vir ons aangemoedig het om na Rhodesië te kom, het hy ons beloof dat ons taal- en kultuurregte vir altyd behoue sou bly. Tot op sy sterfdag het hy sy woord gestand geëe.

In die eerste skool waarvan eerw. Le Roux die hoof was, het Afrikaans en Engels op gelyke voet gestaan. Dit kan amper vergelyk word met wat vandag 'n dubbelmedium-skool genoem word. Belangrikste egter, was dat die ampelike kennisgewings in die regeringsgeboue van Melsetter deurgaans tweetalig was. Elke kennisgewing het in Engels sowel as Afrikaans verskyn. As Rhodes nie so gou gesterf het nie, sou dit baie beter met die Afrikaners gegaan het,” het mnr. Andries Kok, wat in 1894 met die Martin-trek na Rhodesië gegaan het, aan 'n verteenwoordiger van Die Volksgenoot verklaar.

NA RHODES SE DOOD

„Na Rhodes se dood,” het mnr. Kok vervolg, „het dit nie meer so goed gegaan nie. Kennisgewings van die regering het nie meer in Afrikaans verskyn nie en op skool is slegs een uur per week vir die onderrig in Afrikaans toegelaat. Dit het daarop uitgeloop dat die Afrikaanssprekendendes vir die eerste keer in 'n geskil met die regering geraak het. In 1910 het 'n deputasie na Salisbury gegaan om te vra vir meer Afrikaans op skool. Die uitslag was nie bevredigend nie. Die enigste toeweging was dat Afrikaans as skoolvak geneem kan word.”

Rhodes se belofte is indertyd vertolk as 'n versekering dat hulle vir altyd sal kan Afrikaans bly sonder die verwyt dat hulle nie goeie Rhodesiërs is nie, het mnr. Kok beklemtoon.

HY WAS 'N MAN

KAPT. HENRI SLEGTKAMP, D.T.D.

Prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad skryf:

Ons het hom geken as genl. Slegtkamp. Hy was 'n skakel met die roemryke verlede. Dat hy so 'n vurige ondersteuner van die Ossewabrandwag was, het ons versterk in die oortuiging dat die O.B. die voortsetting van die vryheidstrewes van die verlede is. Immers, die held van Spioenkop het hom in ons beweging tuisgevoel en dit was vir ons genoeg.

Tussen Henri Slegtkamp en Hans van Rensburg het 'n sterk band van wederkerige hoogskatting en geneetheid bestaan. Hulle kon mekaar verstaan en waardeer as manne van die daad, met dieselfde ideaal.

As Grootraadslid was genl. Slegtkamp altyd op sy pos. Hoewel hy selde in die vergadering sy stem laat hoor het, was ons steeds bewus van sy teenwoordigheid en was selfs sy stilswye nie sonder betekenis nie. Want Slegtkamp kon sy woord doen as dit moes, en dan het hy vir niemand teruggedeins nie. Hoe jammer was ek om te verneem dat hy weens krankheid nie die Bloemfonteinse laertrek sou kon bywoon nie. In daardie laaste brief van hom aan my het hy nogmaals sy gehegtheid aan die O.B. en die K.G. beklemtoon.

Dit is egter veral as kindervriend wat ek hom hier in gedagtenis wil bring. Hy was die Boerejeug se eerste en enigste ere-lid. Ons Boere-seuns- en -dogters van 'n ses, sewe jaar gelede wat die Majubalaers bygewoon het, sal met 'n weemoedige genoeë terugdink aan sy aanwesigheid daar. In elke lid

Kapt. Slegtkamp Onder Vierkleur Begrawe

Middelburg:

Honderd-en-sewe motorkarre is getel, en na skatting was tussen 500 en 600 mense van heinde en ver teenwoordig toe onder blyke van geweldige belangstelling die stoflike oorskot van kapt. H. F. Slegtkamp (hoofgeneraal) op Saterdag, 3 Februarie, vanuit die Ned. Herv. of Geref. Kerk ter aarde bestel is.

Ses Brandwagte het as draers opgetree en die kis, wat deur die O.B.-vlag bedek was, gedra tot in die voorportaal van die kerk. Hier het ses Voortrekker-tjies in uniform by die kis op wag gestaan gedurende die diens wat deur ds. W. H. Barnard waargeneem is na aanleiding van Psalm 90 vers 10.

Ds. Barnard het gewys watter groot volksman en held die Afrikanervolk in Henri Slegtkamp verloor het. Sy lewe was vol geleenthede wat hy voordelig benut het in belang van sy volk, het die dominee gesê, en daaraan toegevoeg dat die dood van Henri Slegtkamp 'n boodskap inhou vir die S.A. Volk, want ook ons lewe, tyd en geleentheid gaan onherroepelik verby.

VUURPELETON

By die aankoms van die stoet by die begraafplaas het 'n vuurpeleton van 6 lede van die O.B.-Wag in uniform die lykwa ingewag, en vandaar is die kis deur ses Boeredogters in uniform tot by die graf gedra, waar die ses vorige draers weer oorgeneem het.

Hier het ds. W. Lubbe die begrafnisrede waargeneem en onder die sing van „Rus my Siel” is die kis stadig in die

graf laat sak terwyl die Boeredogters en die O.B.-Wag plegtig saluueer, en ds. Lubbe die vlag vashou sodat die kis stadig van onder die vlag afsak. Toe die kis op die bodem rus het die draers plegtig vir laas gesalueer.

Hierna het genl. C. Neethling namens die Oud-stryders en namens die Ossewabrandwag-kommando van Waterberg 'n kort maar besielende rede gelewer.

Hy het o.a. ds. Barnard se woorde aangehaal, nl. dat die lewe 'n afloswedstryd is, en daarop aan dr. Hendrik Slegtkamp, jnr., die hoop uitgespreek dat hy die vaandel van sy oorlede vader sal oorneem en verder sal dra.

Die K.G., dr. Van Rensburg, het 'n kort en inspirerende rede gelewer oor die lewe en strewes van generaal Slegtkamp, en sy betekenis vir die O.B. en vir die Afrikanervolk. Sy strewes was 'n vrye republiek, en sy besorgdheid was sy Volk, het K.G. gesê, nadat hy daarop gewys het dat genl. Slegtkamp nooit, nooit teruggedeins het vir wat van hom verlang was terwille van die O.B. en terwille van sy Volk se toekoms nie. Sy vriende was die Dood en die Gevaar, en vir geeneen van hierdie twee het hy teruggedeins nie, het die K.G. gesê, en hy lewe voort en die Afrikanervolk sal sy toekoms bou op Slegtkamp en sy geskiedenis. „Kaptein Slegtkamp se laaste versoek was vir 'n O.B.-begrafnis en dat hy onder die Republikeinse vlag begrawe moet word, en ek is dankbaar om te kan sê ons het sy wens nagekom so goed ons onder huidige omstandighede kon,” het K.G. ten slotte gesê.

Hierna is drie sarsies deur die vuurpeleton afgevuur oor die ope graf.

Die draers het bestaan uit: dr. H. F. Slegtkamp, seun van die generaal, oud-veldkornet Paul Engelbrecht, oud-kommandant C. M. Smith, veldk. J. Strachan, komdt. P. Kilian en Brandwag B. Gerritsen. By die graf het oud-kommandant J. S. Heyl van oud-kommdt. Smith oorgeneem.

Die O.B.-Wag en Boeredogters was van Pretoria afkomstig.

Offisiere en Brandwagte van verafgeleë plekke in Transvaal is opgemerk onder wie benewens genl. Buys (van Hoofkwartier F), genl. Opperman van Dalmas, komdt. Frikkie de Wit en waggeneraal Awie de Wit van Belfast en andere van Barberton, Nelspruit, Lydenburg, Bethal, Waterberg en ander plekke.

Die leeu-aandeel van die plaaslike organisasie van die begrafnis wat so vlot verloop het, is gedra deur hoofkommandant H. C. Luitingh, van Middelburg-kommando, en sy eggenote wat ook alles in hulle vermoë gedoen het om die oorledene tot die laaste toe by te staan.

Ons opregte deelneming en meegevoel gaan uit na die agterblywende weduwee, haar seun en skoonogter en ander familiebetrekkings asook aan die oorledene se ou suster en familieleden in Holland.—(Korr.)

Stedelike Arbeiders (2)

MENSLIKE EROSIE OP GROOT SKAAL

Die grootste stimulus in die lewe van enige reggeaarde man is die versorging en instandhouding van sy gesin. 'n Gesonder huweliksinstelling as die tradisionele Bantoe-instelling kan 'n mens jou nouliks bedink. Die familie van die man en die familie van die vrou het wedersyds daartoe bygedra om oor die „lobolopand” die wakende oog te hou. Egskeiding in die Bantoesamelewing was altyd 'n hoë seldsaamheid. Vandag heers daar onder die Bantoe veral in die stedelike gebiede 'n sorgwekkende mate van huwelikslosheid en huweliksloosheid. Navorsers het bevind dat in 'n lokasie met goeie behuising 58 persent van die vroue in 'n buite-egtelike staat verkeer met een of meer mans.

Hierdie treurige toestand het ten gevolg dat die stedelike naturelle-man se verantwoordelikhedsbesef vernietig word om, dat hy die verantwoordelikhede vir die versorging van 'n gesin nie meer op sy skouers dra nie en nie meer wil dra nie. Sy spoorlag vir inspanning verdwyn, sy eergevoel kwyn, die trotse vaderlike gevoel ondervind hy nie meer nie en bowelal word hy 'n eensame mens wat nie 'n gevoel van warmte ondervind na die lang dagtaak nie.

Wat die vrou betref, verloor sy haar fynste gevoelens en sy word 'n fatsoenlike prostituut wat haar gevoelens as vrou moet verkoop aan 'n tydelike en geleentheids-broodwinner vir die gesin. Is dit dan bevreesdend dat baie van hierdie vroue skoklaan-koninginne word en borddeelhouders waar menige jong naturelle-meisie haar moet onderwerp aan die skrikbewind van die Tsotsis en ander wellustinge?

SKOUTROEPE VAN MISDAAD

En nou die ernstigste gevolg. Wat word van die Naturelle-kindere uit hierdie verhoudings gebore? Hulle ken nooit die vaderlike tug nie, hulle ondervind nooit die warm gevoel van 'n liefderike moeder nie. Al wat hulle sien en ondervind is die koue en vuil dinge van die lewe. Wat help dit om hulle na skole te stuur? 'n Mens kan tog net onderwys gee aan mense wat 'n mate van opvoeding het. Wat word van hierdie ongebonde jeug? Hulle is die skoktroepe van die misdadendes want hul leuse is drank, dagga en „dice.”

'n Verkeerde begrip van beskawing het daartoe aanleiding gegee dat geestelike werkers die fundamente waarop die Bantoe-huwelik berus as barbaars bestempel het. Dit was die eerste aanslag en die proses van verstedeliking het die vernietiging van hierdie skone instelling verder gevoer.

HUWELIK

Ons wil dit ernstig onder u aandag bring dat die verval van die Bantoe-huwelik seker die belangrikste probleem is waaraan die stedelike naturelle-arbeider onderhewig is. Daarom is dit so noodsaaklik dat voorligtings- en opheffingswerk hier so broodnodig is en dat die „lobolo-huwelik” in alle opsigte dieselfde erkenning wetlik sal geniet as 'n siviele of kerklike huwelik selfs al gaan dit met poligamie gepaard. Dit is prak-

Sabra-Lesing
Deur
C. W. Prinsloo.

ties gebiedend dat alle vorme van huwelike wat vandag onder stedelike naturelle bestaan, geregistreer moet word en die ontbinding nie sommer los kan plaasvind as wat vandag die geval is nie. Iewers moet halt geroep word en hier is die mees noodsaaklike terrein waarop wal moet gegooi word teen die proses van maatskaplike ontbinding. Al die ander lofwaardige pogings kom maar neer op lapwerk as die stedelike Bantoe-gesin nie in stand gehou word nie.

GROEPERING

In die verlede en huidige word nog naturelle ongeag hul etniese verband, kruis en dwars oor die land geneem om arbeid te verrig. In dieselfde kampong of in dieselfde lokasie vind ons enkelinge en groepies van alle stamme in Suid-Afrika en selfs van talle stamme benoorde ons gren-

Soos Ons Lesers
Dit Sien

Amajuba Ook 'n Dag Van Dankbaarheid

Mev. J. Theron, Koffiefontein, skryf:

Onlangs het in Die O.B. 'n brief van mev. P. M. van der Westhuizen, verskyn waarin sy my versoek om die datum van 27 Feb. (in verband met my uitdaging vir fondsinsameling) na 8 Augustus te verskuif; ook het sy die redes vir haar versoek gestel.

As ek mooi onthou was die bevel van mev. J. du Toit, Gebiedsleidster van Kaapland, tydens die jongste laertrek te Bloemfontein as volg: „Gaan terug en begin dadelik werk!” Hoe baie feeste en watter drukte ons te beurt mag val is dit nie voldoende rede om ons pligte as volk te versaak nie, die Boerebevolking het 'n plig ook teenoor 27 Februarie. Is die wonder van daardie dag dan

geringer as die ander? Verwag ons Opperste Leidsman dan nie ook van ons dat ons ons geloftes moet betaal ook vir 27 Feb. nie? Wat beveel Hy ons in Nahum 1:15 en in vers 2 waarsku Hy ons uitdruklik dat Hy 'n jaloerse God is en 'n wreker! Kan enig een van ons die tye soos deur Hom vasgestel verander?

Dus, wat ook al mag gebeur, 27 Feb. moet ons ons geloftes betaal en blymoedig ook, want, God spreek tot ons hier deur die boek van die Geskiedenis. Ek is seker, dat nie ons swakke werke nie maar ons ongedane werke ons beskaamd sal laat staan as ons eendag moet verskyn voor Gods heilige troon. Voór en aleeer ons by 8 Augustus kom, vertoef ons in dankbaarheid by Amajuba!

se (buitelandse naturelle wat by die duisende soos 'n naald in 'n hooimied hier verdwyn).

In 'n wyere sin as die familie word ontbinding en vereensaming hier in die hand gewerk. Waar 'n mens saam met stamme volksgenote verkeer, oefen hulle 'n behoudende invloed op jou uit waar die grense van die gesin ophou.

Baie blankes en selfs groot getalle geleerde Bantoe wil die grense van die stamverband uitgewis hê. Hierdie vernietingswerk het net sulke nadelige gevolge as die ontbinding van die gesin. Geen mens wat 'n waardering het vir die waarde van maatskaplike warmte kan ontken dat die stamverband van die Bantoe nog bestaan en nog van groot betekenis is nie. Die Stam is tog maar 'n wydvertakte familie en 'n voortsetting van die behoudende kragte wat van die gesin uitstraal.

GRENSLOOSHEID

Ongelukkig het daar die holistiese mode posgevat om alle klein entiteite te laat opgaan in groter eenhede sonder grense en sonder inhoud. Almal wil vandag wêreldburgers word voordat hulle waardige gesinslede en landsburgers was. Nou moet die Bantoe se gesinsgrense en sy stamgrense uitgewis word as deel van 'n patroon om ook alle rassegrense uit te vee. Hierdie holistiese saamflansing van dinge wat nie bymekaar hoort nie, kan alleen aanleiding gee tot 'n ontbinding wat die grootste verval ten gevolg sal hê.

Geen mens tot dusver kon leef in 'n wêreld sonder grense nie. Elke mens kom tot sy grootse verwesenliking in 'n klein, begrensde maatskaplike wêreld waar sy wortels kan afpeil in diep aarde. So groei 'n boom wat koelte gee.

ARBEIDSBURO'S

Daar is geen logiese rede vir die ontworteling van stamme kruis en dwars oor die land nie. Indien arbeidsburo's op 'n streekbasis ingestel, sorg dra dat arbeidsbehoefte vir verskillende sentra uit etniese gebiede betrek word, sal dit die addisionele voordeel hê dat naturelle-arbeiders in verskillende stadsgebiede lewende kontak kan hou met die platteland.

Sosiologiese ondersoek het getoon dat die stedelike bevolking elke drie geslagte hernu moet word uit die platteland. Indien die stedelike bevolking in lewende kontak met die platteland bly, kan hierdie termyn aansienlik verleng word. Waarom sal ons dan Xosa van die Transkei na Pretoria bring as lone in Port Elizabeth dieselfde is? Waarom sal ons 'n veelrassige gemeenskap in 'n lokasie hê as 'n eenrassige gemeenskap in staat is om maatskaplike warmte veel meer doeltreffend te bewerkstellig?

„WEDUWEES”

In 1946 het ons uit die mond van 'n raadsheer van die Kgotla (vervolg in volgende kolom)

SONS OF SOUTH AFRICA KRY MONDSTUK

Die organisasie, Sons of South Africa, wat hom beywer vir 'n egte nasionalisme by alle blanke inwoners van Suid-Afrika, het in die afgelope maande 'n stap vooruit gegaan deur die verkryging van 'n amptelike orgaan, „White Africa,” onder redaksie van H. R. Abercrombie, 'n persoon wat hom geruime tyd al beywer vir die oplossing van die natuurlike vraagstuk op die grondslag van territoriale segregasie.

Die beweging is kort na die oorlog gestig deur Engelssprekende jong Suid-Afrikaners wat staan op die ou Hertzog-standpunt van „Suid-Afrika eerste” en het al dadelik te doen gekry met hewige teenstand in die Engelse pers. Nietemin het daar in die Engelse pers van tyd tot tyd briewe van lede van die organisasie verskyn waarin 'n verkwikkende standpunt ten opsigte van verskillende Suid-Afrikaanse aangeleenthede ingeneem is.

In 'n voorwoord oor die beweging word in verband met die teenkating van die Engelse pers verklaar: „Gelukkig begin Suid-Afrikaners deur die mis van politieke huigelry, kammaliberalisme en anti-Suid-Afrika-nisme en dwarsdeur party-gebondenheid heen te kyk na waar hul pligte en verantwoordelikhede lê. Hulle begin te besef dat Suid-Afrika nie net aanspraak het op hul eerste vaderlandstrou nie, maar dit baie nodig het.

In verband met die doelstel-

(vervolg van vorige kolom)

te Mochudi die volgende hartroerende verhaal gehoor. Ongeveer 1930 was daar 'n goeie 2,000 vroue van sy stam wat geen taal of tyding van hul mans gehoor het wat verdwyn het op die Randse goudvelde. Hy is afgevaardig om hulle te gaan soek en na vele maande het hy met seer voete teruggekeer en alleen 560 kon hy vind. Die ander vroue moes hulle mans tussen asof hulle dood was.

As etniese groepering van arbeid in werking was met behoorlike kennisgewing aan die tuisgebied sou hierdie vernietigende maatskaplike ontbinding nooit hierdie stam so rampspoedig getref het nie. Dink net hoe hierdie plattelandse gebied maatskaplik verskeur is en dan nog as 'n voedingsbodem vir gevestigde gesinslewe moet dien. Dit is 'n geval van voorkombare menslike erosie.

lings van die beweging word onder meer verklaar dat Suid-Afrika sy Suid-Afrikaanse lewenswyse moet handhaaf, hom as volk laat geld, op die vasteland moet voortbestaan as 'n voorpos van die Europese beskawing, en on-Suid-Afrikaanse bedrywighede en organisasies moet bekamp.

Die naam van die sekretaris word aangegee as S. E. D. Brown, Ceres.

Britte Sal Nie Vonnisse Verlig

Na berig word, is die Britse regering en volk nie baie ingeneem met die Amerikaanse hersiening van Neurenberg-vonnisse nie. Die Britte hoop nog steeds dat die Duitsers in die Westerse stryd teen Rusland bereid sal wees om te veg vir die vryheid van 'n tronk.

Op 'n vraag in die laerhuis het die minister van buitelandse sake gesê dat dit die Britse regering se algemene voorneme is dat „Duitse oorlogsmisdadigers” in Britse hande nie losgelaat sal word voordat hulle hul vonnisse uitgedien het nie. Die vonnisse word wel ook hersien, maar dit wil nog nie sê dat dit verminder sal word nie. Daar sal geen afslag wees waar misdade teen die mensheid gepleeg is nie.

Pole Beskadig Stalin Se Trein

Verset teen die Russe duur nog voort in Pole. 'n Weelderige „vriendskapstrein” wat deur die Oos-Duitse regering aan Stalin as verjaardagsgesent gegee is, is verlede week deur Poolse weerstandsmanne voorgekeer en al die houtwerk en bekledsel verniel en die vensterruite gebreek.

WAARDE

KWALITEIT

VERSCHEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS

— Beperk —

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

TOESPRAAK

KOMMANDANT-GENERAAL

Wat gelewer is by die opening van die Uniale Laertrek. Nou verkrygbaar in pamfletvorm teen 1/- per dosyn.

Bestel by:

Posbus 1411, Kaapstad.

Posbus 1059, Pretoria.

Voorraad beperk. Bestel dadelik.

ATOOM-KANONNE DALK EERSDAAGS IN GEBRUIK

Die vermoede bestaan dat die Amerikaanse tegnici daarin geslaag het om 'n taktiese wapen wat met atoombomme skiet, te ontwerp en dat die onlangse atoomontploffings in Nevada proefnemings was met hierdie nuwe soort kanon en dat dit geslaagd bevind is.

Die vermoede berus op 'n voorspelling van die Amerikaanse stafhoof, genl. Collins, dat daar binne afsienbare tyd kanonne in gebruik sal wees wat met atoombomme skiet. Hy het ook voorspel dat die leër binne agtien maande oor rigting-beheerde vliegende bomme sal beskik wat nie net van die grond na die lug, maar ook van die grond na die grond gevuur kan word en uiteindelik voorsien sal wees van 'n atoombom. Hierdie voorspellings volg kort op die proefnemings in Nevada, en word dus beskou as aanduiding dat die stafhoof sy voorspellings op feite baseer wat reeds op proef gestel is.

Indien dit waar is, beteken dit 'n revolusie op die gebied van die krygskuns wat gelykstaan aan die uitvinding van buskruit. Tot dusver was die atoombom nog altyd beskou as 'n strategiese wapen wat net op stede en nywerhede doeltreffend gebruik kan word, maar wat geen betekenis op die slagveld gehad het nie. 'n Maand of wat gelede het die Amerikaanse generaal Garvin met 'n wenk gekom dat die ou soort atoombomme wat oor Japan gebruik is, in 'n oorlog teen Rusland op leërsametrekkings afgegooi moet word omdat die Russiese massa-sametrekkings hulle daarvoor leen. Hierdie beperkte aanwending van 'n strategiese wapen vir taktiese doel-

Nuwe Minister

Sen. Karl Bremer is aangestel as die nuwe minister van gesondheid en volkswelsyn in die plek van wyle dr. A. J. Stals. Aangesien dr. Bremer as geneesheer en voorsitter van die Mediese Raad 'n aktiewe en leidende rol in die mediese wêreld gespeel het, is hy een van die weinige kabinetslede wat persoonlike ondervinding en eersterhande kennis van sy portefeulje het.

eindes is egter heeltemal iets anders as waarvan nou sprake is — die gebruik van atoom-artillerie.

'n Belangrike aspek daarvan sal wees dat morele besware wat op die oomblik teen die atoombom geld — uitdelging van burgerlikes op groot skaal — dan sal verval.

Wat Korea Kos

Die oorlog in Korea kos die Unie elke maand £150,000, volgens 'n verklaring van die minister van verdediging. 'n Bedrag van £1,000,000 is van die parlement gevra vir voorlopige aanwending in die stryd.

Die Unie betaal self vir die vliegtuie wat deur die Suid-Afrikaners in Korea gebruik word, maar die regering vertrou dat die Amerikaanse regering dit na die oorlog sal terugkoop.

Wie Se Dominium?

„Brittanje is 'n soewereine staat net soos die Unie. Ons het ook dominale status, weet u?”

So lui 'n antwoord van die Britse minister van statebondsbetrekkinge, Gordon-Walker, aan 'n persman — klaarblyklik met 'n spotlag om die mond.

Die vraag kom egter op: **Waarom het Brittanje wel 'n minister van statebondsbetrekkinge en nie die Unie nie?** Die antwoord skyn vanselfsprekend te wees: „Omdat net Brittanje dominiums besit en nie die Unie nie.”

Die Unie is 'n dominium van die Britse koning en „dominion” in Engels beteken „heerskappy”, „besitreg” of „gebied.” Die Britse minister van dominale sake is dus eintlik belas met die heerskappy, besitreg of gebied van Sy Majesteit die koning van Engeland, en 'n tweede minister van dieselfde aard in die Unie sou ondenkbaar wees. Daarom is die Unie 'n Britse dominium en die „statebond” 'n Britse statebond.

DUITSE OFFISIER BEROEP HOM OP NEURENBERGWET

Aan die mond van die Elbe, in die Noordsee, lê die klein Duitse eiland Helgoland wat voor die oorlog 'n tuiste gebied het aan 2,400 inwoners. Aan die einde van die oorlog het Brittanje hierdie mense verbied om op die eiland te bly en het maandelank pogings aangewend om die eiland met sware bombarderings te „kelder.” Die verwoesting was so skrikwekkend dat selfs die voëls van die eiland weggevlug het.

Mense wat dit naby die eiland gewaag het, is sonder seremonie deur Britse vliegtuie onder die lood gestee. Maar op Kersaand verlede jaar het die Helgolanders begin om hul eiland weer te beset. 'n Groep van 24 het die nag aan wal gegaan en hulle weer gaan vestig op die bouvalle waar Britse bomme selfs hul kerkhof omgedolwe het. Die Britse owerheid het daarop bevel gegee aan 'n kaptein van 'n Duitse mynveër-flottielje — die enigste vaartuie wat beskikbaar was in die hawe — om die Helgolanders te gaan verwyder. Die kaptein, Von Blank, het geweer om die bevel uit te voer.

NEURENBERG

Toe die besettingsowerheid hom daarop wys dat hy as 'n voormalige vlootoffisier ver-

plig is om bevele uit te voer, was sy geniepsige antwoord: „Sedert die Neurenbergverhoor het ek tot die gevolg-trekking gekom dat dit nie altyd verstandig is om bevele te gehoorsaam nie.”

Die Britte het later hul eie vaartuie gestuur om die Helgolanders te gaan verwilder, maar die Duitsers het steeds in nuwe groepe gegaan totdat die Amerikaanse regering uiteindelik die Britte tot besinning geroep het met die oog op Duitse samewerking in 'n oorlog teen Rusland.

SKOK WAG

In verband met die voorval, skryf die Engelse blad Union: „Vir die flatermakers van die Weste wag daar 'n skok. Nadat hulle die kar voor die perde ingespan het, moet hulle soortgelyke resultate verwag. Die Neurenbergverhoor het 'n veel dieper litteken op die Duitse gees nagelaat as wat hul halfgebakte verstand tot nog toe kon begryp. Dit is nie moontlik om 'n trotse volk rond te skop op die bouvalle van hul voormalige pragstede nie en dan hul hulp te vra teen die Bolsjewisiste met wie die Westerse politici tot kort gelede nog Vodka-eetmale saamgehou het nie. „Die politici van die Weste sal eerlang besef dat kap. Von

Britse Hulp Om Rusland Ondeurdringbaar Te Maak

Die stelling dat kosmiese strale, „een van die belangrikste faktore in die wêreldtoestand en 'n lewensbelangrike strategiese faktor sal blyk te wees om Rusland feitlik ondeurdringbaar te maak, hoewel dit nie van soveel militêre waarde vir die seemoëdhede sal wees nie,” word deur die deeglik ingeligte blad Intelligence Digest gedoen in sy jongste aflewering. Hy belowe om binnekort wanneer sy waarnemers 'n volledige opname van al die feite gemaak het, alle besonderhede bekend te maak. Die verhaal van Rusland se werk op hierdie gebied van gevorderde wetenskap sal dié van die atoombom oortref, verklaar die blad.

Die persoon wat 'n leidende aandeel in hierdie Russiese ontwikkeling gaan speel, is prof. Pontecorvo, die Britse atoom-wetenskaplike wat verlede jaar doodluiters uit Brittanje na Rusland gegaan het. Hy het onbeperkte toegang gehad tot alle inligting oor hierdie onderwerp in Amerika en Brittanje, en is een van die wêreld se grootste deskundiges op die gebied van kosmiese strale. Hy het ook 'n gevorderde kennis van tritium, die sleutel-element in die waterstofbom.

Die blad verklaar dat hy deur die Amerikaners later beskou is as 'n twyfelagtige persoon en dat hulle die Britse regering gewaarsku het. Die waarskuwing is in die wind

geslaan (Pontecorvo is toegeelaat om vir vakansie na Italië te gaan, waar sy familie voor-aanstaande kommuniste is).

WAARDEVOL

„Pontecorvo se deeglik geplande vlug na Rusland met ons allerbelangrikste waterstofbom en kosmiese straal-geheime, blyk van onmiddellike waarde te wees vir die Russe ten opsigte van ondernemings wat indien toegeelaat om te ontwikkel, die oorwinning binne bereik van die Sowjet sal bring.”

Die blad vermeld dat Pontecorvo Italië in die dertiger jare verlaat het om Mussolini se aandag te ontglip. Hy het later in Kanada belangrike navorsing gedoen in verband met kosmiese strale en atoom-splitsing. Hy was 'n vriend van dr. Nunn May (wat weens spioenasie vir die Russe vandag in die tronk sit) en het met dr. Fuchs gekorrespondeer (wat verlede jaar in Brittanje gevonnis is weens verklapping van atoom-geheime aan Rusland).

PRESENTE

Intelligence Digest verklaar dat sy waarnemers tans besig

is om al die feite in verband met Pontecorvo na te speur, maar dat hulle met 'n amptelike obstruksie te doen kry wat onbekend is in hul loopbaan.

„Sir Stafford Cripps se geskenk van spuitvliegtuigmotore (aan Rusland) en ander uiters waardevolle oorlogstoerusting deur verskeie ander departemente bo en behalwe inligting wat weggegee is deur wetenskaplikes wat diep betrokke is by ons lewensbelangrike geheime, het natuurlik 'n groot bydrae gelewer tot die huidige gevaarlike wêreldtoestand,” merk die blad op en voeg daaraan toe:

„In enige ander tydperk van Britse geskiedenis sou enige regering, wat verantwoordelik was vir sulke kolossale flaters, ongeag partybelang of -trou van sy bewind geskeur en sy lede van alle staanplek en seggenskap in die openbare lewe verwyder gewees het. Dit is 'n teken van die verval van die verval van die openbare verantwoordelikeheidsgevoel dat inderdaad niemand daaroor besorg geraak het nie hoewel geheime van lewe of dood ver-raai of weggegee is.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk”

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.



Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK
WIT VIR FILTER

„Die sigaret wat u altoos graag wou rook”

Kapiereg

RA I

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die etenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootse Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.